# GR 5

## Gebruike van metale

# OPSOMMING



LEER MY MEER

# MOEILIKE WOORDE:

## GELEI:

LAAT HITTE OF ELEKTRISITEIT TOE O DAARDEUR TE BEWEEG.



## MAGNETIES:

DIE VERMOË OM METALE AAN TE TREK.

## ROES:

'N ROOIBRUIN KLEUR WAT OP SEKERE METALE VORM, WANNEER DITB NAT WORD.

## YSTERVYLSELS:

KLEIN DEELTJIES YSTER WAT MET 'N VYL AFGESKUUR WORD.



## WEGVRETING:

KLEIN STUKKIES WAT OOR TYD VERGAAN.

## SLAAN AAN:

VERDOF OF VERLOOR BLINKHEID.



# ANDR EIENSKAPPE VAN METALE

## GELEI HITTE



ALLE METALE GELEI HITTE, WANNEER JY 'NB METAAL IN 'N WARM VUUR PLAAS SAL DIE HITTE GELEI VAN DIE VUUR TOT BY JOU HAND, AL IS DAARDIE DEEL NIE IN DIE VUUR NIE.



## MAGNETIES

SLEGS 'N PAAR METALE IS MAGNETIES. WANNEER 'N METAAL DEUR 'N MAGNEET AANGETREK WORD, SÊ ONS DAT DIT **MAGNETIES** IS.



### IS MAGNETIES

YSTER

### NIE MAGNETIES

GOUD KOPER SILWER EN LOOD



# ROES

**ROES** IS ʼN SOORT WEGVRETING WAT PLAASVIND WANNEER YSTER AAN LUG EN WATER BLOOTGESTEL WORD.

WANNEER YSTER ROES SAL KLEIN STUKKIES VAN DIE OPPERVLAKTE AFVAL.

AS ONS NIE DIE YSTERVOORWERP BEHANDEL MET IETS WAT DIT BESKERM NIE SAL DIT ROES EN OOR TYD VERSWAK.



# ALLOOIE

DIT IS SOOS (VLEKVRYE STAAL, WAT 'N MENGSEL IS VAN YSTER, KOOLSTOF EN EEN OF MEER METALE) WAT **NIE ROES NIE**.



## VERHOED DAT YSTER ROES

**GHRIES OF OLIE** → BEDEK MET GHRIES OF OLIE



**VERF** → BEDEK MET VERF



**PLASTIEK** → BEDEK MET PLASTIEK



**SINK** → BEDEK MET SINK

**TIN OF CHROOM** → BEDEK MET TIN OF CHROOM

# GEBRUIKE VAN METALE

METALE WORD GEBRUIK OM VERSKILLENDE DINGE TE MAAK, DIT IS OMDAT SOMMIGE METALE:

- **MEER AS ANDER BLINK.**
- **SAGTER OF HARDER IS AS ANDER.**
- **TEEN ´N HOËR TEMPERATUUR SMELT.**
- **HITTE BETER GELEI AS ANDER.**
- **MAGNETIES IS TERWYL ANDER NIE IS NIE.**
- **BETER WEERSTAND TEEN VERROESTING BIED.**





# SUIWER METALE



SUIWER METALE KAN BAIE NUTTIG WEES, SOOS SUIWER ALUMINIUM.

SOOS ALUMINIUMFOELIE WAT ONS IN ONS HUISE GEBRUIK.





# MENGSELS VAN METALE



BAIE METALE IS **NIE NUTTIG** WANEER HULLE SUIWER IS NIE, SOOS **GOUD**, DIT IS **TE SAG** OM JUWELE TE MAAK MET SUIWER GOUD.

SUIWER YSTER WORD NIE SOMMER GEBRUIK NIE OMREDE DIT TE MAKLIK ROES.

## GEBRUIKE VAN METALE EN ALLOOIE

### DRAAD

DRAAD WORD VAN METALE GEMAAK OMDAT DIE METALE IN DRAAD GETREK KAN WORD EN DIT STERK IS.





# MUNTSTUKKE

MUNSTUKKE WORD VAN METALE GEMAAK, OMDAT METALE LANK HOU EN HARD EN STERK IS.

# JUWELIERSWARE

JUWELIERSWARE WORD VAN VERSKEIE METALE GEMAAK OMDAT METALE BLINK.



# MEUBELS, GEBOUE EN BRUE





AL HIERDIE ITEMS WORD VAN METALE GEMAAK OMDAT DIT HARD, STERK EN SMEEBAAR IS.